higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2

(8011022)

22 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
6. Gebruik slegs 'n pen met BLOU of SWART ink.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN van die volgende is NIE 'n beperking van 'n organisasiestruktuur nie?

A Strukture skep versperrings in die vrye vloei van inligting.
B Strukture verhinder dat personeel op hoë vlakke aangestel word.
C Strukture is staties en onbuigsaam.
D Tradisionele organisasiediagramme (organogramme) kan nie veranderende grense en/of omgewings hanteer nie.

1.2 Watter EEN van die volgende is NIE 'n beginsel wat nasionale veiligheid in Suid-Afrika beheers nie?

A Die nasionaleveiligheidsdienste moet aan nasionale en internasionale wette voldoen.
B Die nasionaleveiligheidsdienste ressorteer onder gesag van die parlement en die nasionale uitvoerende gesag.
C Die nasionaleveiligheidsdienste moet seker maak dat burgers in vrede en harmonie as gelykes en vry van vrees saamlewe.
D Die nasionaleveiligheidsdienste kan enige inligting met behulp van enige metode by enige bron verkry om 'n veilige en beskermde land te verseker.

1.3 Watter EEN van die volgende verantwoordelikhede word NIE aan die VPA toegewys nie?

A Monitor die polisiëring van verordeninge.
B Monitor padgebruikers en voertuigpadwaardigheid.
C Monitor spoed- en bewegingskendings.
D Monitor die oorlading van voertuie.

1.4 Die Strafproseswet 51 van 1977 reguleer die strafregproses en word in die volgende stadiums ingedeel:

A Stadium 1: voorverhoor; stadium 2: verhoor; stadium 3: vonnisoplegging
B Stadium 1: arrestasie; stadium 2: ondersoek; stadium 3: vonnis-oplegging
C Stadium 1: voorverhoor; stadium 2: verhoor; stadium 3: vonnisoplegging; stadium 4: regsmiddele ná uitspraak en vonnisoplegging
D Stadium 1: verhoor; stadium 2: vonnisoplegging

1.5 Die variasiewydte van die liggaamsmassa-indeks (LMI) wat NIE veilig, normaal of gesond is nie:

A LMI van minder as 18,5
B LMI van tussen 18,5 en 25
C LMI van tussen 25 en 35
D LMI van meer as 35

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde, wat in die lys hier onder voorsien word, te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

drie stelle van tien biseps-optrekke; luitenant; swem; korporaal; een optrek; admiraal; algemene; manskap; kaptein; meditasie

2.1 Die hoogste rang in die SA Vloot is dié van …

2.2 Die laagste rang in die SA Weermag is dié van …

2.3 Die eerste offisiersrang in die Suid–Afrikaanse Polisiediens is dié van …

2.4 … is 'n voorbeeld van 'n kragoefening.

2.5 … is 'n voorbeeld van 'n kardiorespiratoriese oefening.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die hoofdoel van 'n organogram is om vakatures in die organisasie aan te dui.

3.2 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het twee provinsiale kommissarisse vir digbevolkte provinsies soos Gauteng en KwaZulu-Natal.

3.3 Die Nasionale Weermag kan slegs gebruik word om die land se grense te beskerm, na aanleiding van dreigemente van buite die landsgrense op te tree, en aan oorlog teen en/of vir die Republiek van Suid-Afrika deel te neem.

3.4 Alle veiligheidsagentskappe moet aan die nasionale kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens rapporteer.

3.5 Die militêre polisie het jurisdiksie regoor Suid-Afrika waar 'n oortreding ook al ingevolge die Wet op Verdediging begaan is of waar eiendom, wat aan die Departement van Verdediging behoort, betrokke is (burgers of verdedigingspersoneel kan daarby betrokke wees), maar nie waar burgers hul buite die grense van die terrein bevind wat deur die Departement van Verdediging beheer word nie.

3.6 Die volgende is voorbeelde van die bestanddele van 'n gesonde lewenstyl: rus/slaap, voeding/dieet, oefening en spanningsbestuur.

3.7 Uit 'n polisiëringsperpektief kom dissipline in twee areas voor, naamlik persoonlike en werksplekdissipline.

Kopiereg voorbehou

3.8 Lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet verskeie kategorieë mense salueer, soos die hoofregter, kabinetsministers, premiers van die provinsies van Suid-Afrika en die voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies.

3.9 Die enigste doel van 'n rollesingsparade is om vas te stel wie teenwoordig of afwesig is.

3.10 Een van die voordele verbonde aan strek is om die buigbaarheid van litte te verbeter, wat maak dat 'n mens minder waarskynlik beserings sal opdoen.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Jurisdiksie in 'n bepaalde metropolitaanse raad in Suid-Afrika	A	SAPD
4.2	Word gebruik om spiere in die onderste deel van die liggaam te bou	B	LMP ('MMP')
4.3	Word gebruik om spoed, krag en spieruithouvermoë te verbeter	C	MPA
4.4	Jurisdiksie oor die hele Suid-Afrika heen	D	25 m-afloshardloop
4.5	Jurisdiksie in 'n bepaalde provinsie in Suid-Afrika	E	TRE
		F	opsitte
		G	VPA
		H	opstote

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B (VERPLIGTEND)

VRAAG 5

5.1 Noem VYF kenmerke van koloniale polisiëring wat polisiëring in Suid-Afrika beïnvloed het. (5)

5.2 Verduidelik kortliks DRIE voorkoloniale polisiëringstelsels wat in Suid-Afrika geïmplementeer is. (3 × 2) (6)

5.3 Gee VIER bedryfsbeleide/-reëls van tuislandpolisiëring. (4)

5.4 Noem die DRIE regeringsfere wat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika aangedui word. (3)

5.5 Gee VIER verantwoordelikhede van die nasionale kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. (4)

5.6 Noem DRIE ondersteuningsubstrukture in die organogram van Suid-Afrikaanse polisiëringsagentskappe. (3)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING C (VERPLIGTEND)

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

SAPD Delft het 'n toename van 144% betreffende misdade teen persone oor die afgelope drie maande getoon.

Die jongste statistiek is soos volg:

- Moord: 'n gemiddelde van 84 per maand
- Verkragting: 'n gemiddelde van 109 per maand
- Rooftogte: 'n gemiddelde van 266 per maand
- Aanranding met die opset om ernstig te beseer: 'n gemiddelde van 155 per maand

Op 2 September 2019 ontvang jy en konstabel Van Rooyen 'n klagte en toe julle by die toneel aankom, vind julle die volgende:



A	Bed
B	Bedkassie
C	Tafel
D	Stoel
E	Gesluite deur
F	Gebreekte venster
G	Dooie man
H	Bloed
I	Hare
J	Vuurwapen
K	Pet
L	Bebloede voetafdrukke
M	Leë bierbottel

6.1 Noem die soort misdaadtoneel waaraan jy en konstabel Van Rooyen aandag gegee het. (1)

6.2 Gee TWEE ander soorte misdaadtonele. (2)

6.3 Watter VIER antwoorde kan uit die misdaadtoneel in die scenario verkry word? (4)

6.4 Identifiseer enige VIER items op die toneel wat as bewyse tydens die ondersoek na hierdie misdaad gebruik kan word. (4)

6.5 Noem die strafregtelike tegnieke en forensiese medikasie wat gebruik moet word tydens die verwerking van die items wat in VRAAG 6.4 geïdentifiseer is. (4)

Jy en konstabel Van Rooyen word beveel om te help met die poging om misdaad in jul polisiestasie-omgewing te verminder deur van intelligensie-gedrewe polisiewerk gebruik te maak.

6.6 Onderskei tussen *misdaadinligting* en *misdaadintelligensie*. (2 + 2) (4)

6.7 Watter bronne kan jy en konstabel Van Rooyen gebruik wanneer julle inligting insamel? (4)

6.8 Hoe kan misdaadintelligensie vir proaktiewe en reaktiewe doeleindes ingespan word? (2)

6.9 Noem VYF verantwoordelikhede wat die SAPD Delft jeens die gemeenskap het soos dit in die struktuur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens uiteengesit word. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord **ÓF** VRAAG 7 **ÓF** VRAAG 8.

VRAAG 7

Bespreek die VYF soekmetodes wat by 'n misdaadtoneel gebruik kan word. **[20]**

LET WEL: Jou antwoord moet soekmetodes, 'n beskrywing van die metodes, die voor- en nadele van die metodes en by watter misdaadtonele dit gebruik kan word, insluit.

OF

VRAAG 8

Bespreek die DRIE misdaadvoorkomingsmodelle. **[20]**

LET WEL: Jou antwoord moet 'n volledige verduideliking en praktiese voorbeelde van elke model insluit.

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou